

inleiding

Evangeliese Christene is in die algemeen óf ongeërg óf skepties oor temas soos hierdie (Conradie 2006a: 12). Ons wil dit dus sommer uit die staanspoor stel dat hierdie verslag vir Jesus-volgelingen ten diepste 'n oproep tot geestelike vernuwing behoort te wees. Dit gaan oor die kweek van 'n Jesus-gesentreerde, onselfsugtige, Bybelse spiritualiteit (Bauckham 2011: 12). Die woorde wat hier volg, is dus nie (soos baie kerkgangers vermoed) gedryf deur vreemde sekulêre of politieke "groen" agendas nie, alhoewel dié "vreemde" groepe die Christelike kerk ongelukkig ver vooruit is in hulle nadenke oor hierdie sake. Die uitgangspunt is dat ons hier te make het met Christelike spiritualiteit, aangesien dit handel oor die Christelike geloof se mees fundamentele leerstelling: die Skepping. Ons vra dus vir 'n oop gemoed terwyl u die volgende lees.



Inleidende gedagtes

Heel aan die begin moet ons erken dat die verskeidenheid bronne wat in hierdie verslag gebruik word, plek-plek uiters ingewikkeld, kompleks en gedetailleerd is. Verslae oor die afname van byvoorbeeld sekere dierespesies se getalle, sal verband hou met die spesifieke omgewing waarin die diere voorkom, die tyd van die jaar, algemene natuurlike siklusse in sterftes en aanwas, en nog baie ander plaaslike faktore. Wanneer dit kom by navorsing oor sekere temas soos klimaatsverandering en aardverwarming, is baie van die resultate afhanklik van die spesifieke definisies van begrippe soos aardverwarming, die metingsinstrumente en navorsingsmetodes wat gebruik word, algemene variasies in natuurkundige prosesse in lokale omgewings en selfs die windstrome in spesifieke geografiese gebiede. Daar is selfs denkskole wat ontken dat aardverwarming werklik plaasvind (Monckton 2009: ad loc.). Andere reken weer dat die son se aktiwiteit ook kan bydra tot die indruk dat temperature op Aarde styg (Than 2007: ad loc.). Dus moet genoem word dat hierdie verslag eerstens wil poog om dinge so eenvoudig as moontlik te hou.

Daar word daarom nie ingegaan op al die komplekse detail nie, maar eerder gefokus op algemene sake waarvoor daar relatiewe ooreenstemming heers. Daar kon tog tussen al die verskillende wetenskaplike, politieke en ander agendas agter baie van die navorsing, gemene delers gevind word waarvoor die meeste navorsers saamstem. Dis op sulke gemeenskaplike resultate waarop hierdie verslag steun.

Tweedens is sekere bronne as meer gesaghebbend as ander hanteer, afhangend van die intellektuele integriteit van die navorsing, asook die globale akademiese konsensus.

Laastens moet gesê word dat, alhoewel die opskrif van hierdie verslag beweer dat daar gekyk word na die uitputting van natuurlike bronne, is daar klem gelê op die mees fundamentele hulpbronne wat die voortbestaan van lewe verseker, soos byvoorbeeld water, suurstof, voedsel en dierelewe. Ander natuurlike bronne, soos byvoorbeeld steenkool, olie en minerale, is hier geïgnoreer ten einde 'n bepaalde fokus te behou, asook om die verslag kort en bondig te hou.

Die wêreldkrisis

Wetenskaplikes reken ons is lankal verby die punt waar die Aarde se ekologiese scenario bloot 'n "probleem" is. Dis baie meer as dit. Dis 'n krisis (Klein 2014: 4). Daar is tans 'n geskatte 7,4 miljard mense op Aarde. Hierdie groei is tans eksponensieel (Worldometers 2016: ad loc.). Volgens die nuutste vooruitskattings gaan daar teen 2050 sowat 9,6 miljard mense wees. As gevolg van hierdie snelgroeiende bevolking en o n g e b a l a n s e e r d e verbruikersgewoontes, is daar tans intense druk op ons planeet se belangrikste natuurlike hulpbronne, naamlik suurstof, water en voedsel. 'n Wetenskaplike verslag, die WWF (World Wide Fund for Nature) se Living Planet Report van 2014 dui daarop dat die mens se impak op die natuur geweldig toeneem en alreeds onvolhoubaar blyk te wees (WWF 2014: 12). Daar word gepraat van die mens se ekologiese voetspoor – dit is die kumulatiewe ekologiese invloed van die mens op die natuur. Hierdie voetspoor word bereken in verhouding tot die Aarde se biokapasiteit, met ander woorde die kapasiteit waaroor die Aarde beskik om lewe te onderhou. Die ekologiese voetspoor van die mens op die planeet ten opsigte van aanvraag het reeds in 2010 die kapasiteit van een Aarde verbygesteek. Ons het tans een en 'n halwe Aarde nodig om in ons behoeftes te voorsien volgens die eise wat ons tans aan ons planeet stel. En dis steeds aan die toeneem (WWF 2014: 10)!

Hier volg 'n paar skokfeite:

- Tussen 1970 en 2010 het die aantal dierespesies met 52% afgeneem (WWF 2014: 12, 16).
- Die aantal varswaterspesies op Aarde het met 76% verminder, terwyl seewaterspesies met 39% gekrimp het. Die grootste afname het in Suid-Amerika plaasgevind met Asië en die rand van die Stille Oseaan 'n kortkop agter in onderskeidelik die tweede en derde plek.
- Seewatervisserye plaas soveel druk op die kapasiteit van die oseane dat die visbevolkings in groot dele van die oseane totaal uitgeroei is (VN 2016: 7).
- Die United Nations Report (VN) meld dat industriële produksie en landbou-aktiwiteite veroorsaak dat geweldige groot hoeveelhede gifstowwe in oseane gestort word (VN 2016: 8). Ons oseane is 'n komplekse netwerk van stelsels wat onderling van mekaar en van 'n uiters delikate sistemiese balans afhanklik is. Die fundamentele sistemiese karakter (ten opsigte van die diere- en plantbevolkings, seestrome en chemiese samestelling) van die oseane is egter vinnig besig om te verander as gevolg van klimaatsverandering, besoedeling en die uitputting van visspesies. Dit veroorsaak dat die seediere wat nie uitsterf nie, na die Noord- en Suidpool migreer en sodoende weer ander veranderinge in hulle nuwe habitat veroorsaak, wat om die beurt weer hulle eie gevolge het (VN 2016: 9-10).

- 
- Aardverwarming veroorsaak dat varswater-ys wat smelt, die soutgehalte van die see beïnvloed. Verder laat die vrystelling van meer en meer koolstofdiksied in die atmosfeer die suurgehalte van water toeneem, wat dodelik is vir die organismes wat daarin woon (UN 2016: 11). Die oormatige koolstofdiksiedvlakke veroorsaak dat die oseane al hoe meer gas uit die atmosfeer opneem wat met die soutwater reageer en gevolglik koolstofsuur vorm. Al hierdie dinge lei tot versteuring in die oseane se sirkulasie, die ontstaan van geweldige sterk storms, droogtes op land, 'n drastiese afname in planktonbevolkings, minder see gras produksie, minder skulpvis voortplanting en ook die beskadiging van koraalriwwe (VN 2016: 13-15). Daar bestaan reeds sowat 500 sogenaamde “dooie sones” in ons oseane waar geen lewe meer voorkom nie (Klein 2014: 14).
 - Om in die behoeftes van die planeet te voorsien, word daar ook 'n uiters onrealistiese eise aan die varswaterkapasiteit van die Aarde gestel. Slegs 2,5% van die water op Aarde is varswater. Die res is seewater. Die meeste varswater kom in riviere, mere, onderaardse bronne, gletsers en die ys op die Noord- en Suidpool voor. As gevolg van die massiewe toename in die vraag na water deur ryk lande en gemeenskappe, word kommerwekkende hoeveelhede van hierdie water verbruik deur boerderyaktiwiteite, 'n verskeidenheid produksieprosesse en huishoudings. Groot hoeveelhede van hierdie water word as gevolg van besoedeling en aardverwarming nie weer in die verbruiksiklus beskikbaar gestel nie (WWF 2014: 46).
 - Sowat 200 makrorivierbeddings regoor die wêreld (wat altesaam sowat 2,5 miljard mense van water voorsien) beleef tans ten minste een maand per jaar akute waterskaarstes (WWF 2014: 49). Op al vyf kontinente is daar gebiede wat voorheen water gehad het, maar nou reeds mini-woestyne met permanente droogtetoestande is.
 - Kos raak ook al hoe skaarser. Sommige vooruitskattings beweer dat die planeet teen min of meer 2050 sy maksimumkapasiteit gaan bereik wat die voorsiening van kos betref (Wolchover 2011: ad loc.). Dit beteken dat die huidige vraag na voedsel met tot 70% sal styg.

Aardverwarming

Meer as die helfte van die mens se algemene ekologiese voetspoor (53%) het egter te make met die verhoogde aardverwarming as gevolg van 'n toename in koolstofdiksied. Daar word gepraat van die kweekhuiseffek. Net soos met 'n kweekhuis laat ons atmosfeer toe dat kortgolfbestraling vanaf die son ons atmosfeer binnedring. Die hoër koolstofdiksiedvlakke keer egter dat langgolfbestraling weer die atmosfeer verlaat. Op dié manier word te veel energie binne gehou en die temperatuur styg as gevolg daarvan (SAWS s. a. ad loc.). Volgens studies by NASA se Goddard Institute for Space Studies het die gemiddelde temperatuur van die planeet oor die afgelope 100 jaar met 0,8 °C gestyg (<http://www.conserve-energy-future.com/various-global-warming-facts.php>). Twee derdes van hierdie verwarming het sedert 1970 plaasgevind, veral die temperatuurstygings aan die wêreld se kuslyne (VN 2016: 10).

In kuslyngebiede het die aantal uiters warm dae met 38% toegeneem (VN 2016: 10). Die laaste twee dekades was na bewering die warmste die afgelope 400 jaar (<http://www.conserve-energy-future.com/various-global-warming-facts.php>). Temperature styg dubbel so vinnig in plekke soos Alaska, Kanada en Noord-Rusland as op die res van die planeet. Tans word gehoop dat die gemiddelde temperatuur teen die einde van hierdie eeu nie meer as 2 °C sal styg nie, alhoewel dit volgens die meeste kenners dalk te optimisties is (Klein 2014: 13). Die huidige vooruitskating is dat ons teen 2100 waarskynlik nader aan 'n 4 grade-styging sal kom, met hittegolwe, kwynende voedselvoorraad, 'n verlies aan ekosisteme en biodiversiteit, asook lewensbedreigende stygings in seevlakke as ons voorland (The World Bank 2012: ad loc.). Seevlakke kan tussen een en twee meter styg, wat eilandnadies soos die Maledive en Tuvalu kan verswelg en ernstige gevaar kan inhou vir plekke soos Ecuador, Brasilië en Nederland, asook Kalifornië en die noordoostelike VSA (Klein 2014: 13-14).



Arktiese ys smelt teen 'n geweldige tempo en daar word verwag dat Arktika teen 2040 vir die eerste keer 'n ysvrye somer sal beleef (Wagner s.a. ad loc.; Klein 2014: 14). In Mei 2014 het wetenskaplikes van NASA en die Universiteit van Kalifornië die wêreld daarop gewys dat 'n gletsersmelting in 'n gebied in Wes-Antarktika (wat min of meer so groot soos Frankryk is) nie meer gestop kan word nie (Friend et al. 2014: ad loc.). Alhoewel hierdie smeltproses nog een- of tweehonderd jaar kan duur, sal dit 'n algemene seevlakstyging van tussen drie en vyf meter veroorsaak. Teen die tyd dat sulke toestande heers, sal mense noodgedwonge na ander gebiede moet verskuif en daar word deur futuroloë gepraat van die uitbreek van klimaatorloë (Klein 2014: 17).

Aardverwarming word hoofsaaklik deur te veel verbranding van koolstof in ons atmosfeer (WWF 2014: 32) asook veeboerdery (Cowspiracy 2014 ad loc.) veroorsaak. Natuurlike bronne van koolstofdioksied is hoofsaaklik algemene ontbinding, vrystelling van gasse deur oseane en respirasie van plante. Menslike aktiwiteite veroorsaak egter 'n ongebalanseerde toename in koolstofdioksied deur die vervaardiging van sement, die vernietiging van woude, en veral die verbranding van steenkool, olie en gas (<http://whatsyourimpact.org/greenhouse-gases/carbon-dioxide-emissions>). Aardverwarming het om die beurt weer 'n direkte sikliese invloed op die uitsterwe van dierespesies, die ontstaan van waterlood en mislukte voedseloeste.

Alhoewel stygings in seevlakke relatief tot spesifieke gebiede beperk is, afhangend van die wisseling van winde en seestrome, het die gemiddelde vlak van die see aan ons kuslyn die afgelope twee dekades met 3,2 millimeter per jaar gestyg, dit wil sê, 64 millimeter in 20 jaar (VN 2016: 7, 11). As aardverwarming teen 2100 die Aarde se temperatuur met 4 °C laat styg, sal seevlakke na raming met een tot twee meter styg.

Hoe raak dit Suid-Afrika?

In kort vaar ons land nie goed nie, onder andere vanweë ons afhanklikheid van steenkool. In 1998 is die eerste Suid-Afrikaanse Nasionale Kweekhuisgasverslag (Greenhouse Gas National Report) saamgestel. Dit is sedertdien, veral tussen 2000 en 2010, bygewerk en opgedateer. Die verslag dui daarop dat Suid-Afrika se koolstofvrystellings tussen 2000 en 2010 met 21,1% verhoog het (GHG 2000-2010: 37). Die besoek van die WWF aan Suid-Afrika het aangedui dat Suid-Afrika vir net soveel koolstofvrystellings verantwoordelik is as ander industriële lande, veel meer as ander ontwikkelende lande (Grobler 2009: ad loc.). Ons vrystellings is tans 11 ton per persoon per jaar, terwyl dit eerder na een ton afgebring moet word. Vergelyk dit nou met Brasilië wat op vyf ton staan, Sjina op ses ton en Meksiko op twee ton. Boonop het slegs 73% van Suid-Afrika se bevolking toegang tot elektrisiteit, in vergelyking met 99% in Sjina en 95% in Brasilië. Dit kan beteken dat Suid-Afrikanners steeds bo hulle kapasiteit en vermoë probeer leef.

Die Kweekhuisgasverslag beweer dat Suid-Afrika spesifiek in die nabye toekoms deur wisselvallige reënvalpatrone geteister kan word, wat 'n direkte impak op ons boerderye kan hê. Tans word ons nie so erg deur seevlakstygings geraak nie, omdat ons kuslyn relatief steil is.

Alhoewel Suid-Afrika se vleisboerderybedryf redelik groot is om vleis aan veral die meer gegoede dele van die land te voorsien, was daar tussen 2000 en 2010 'n algemene afname van 7,6% in vleisverbruik. Dis waarskynlik toe te skryf aan 'n styging in vleispryse. Gevolglik is daar ook nou groter belangstelling in hoendervleis (GHG 2000-2010: 155).

Wat veroorsaak hierdie verskynsels?

Kom ons oorweeg die hooforsake van die afname in dierespesies, die oorbenutting van water- en voedselbronne, asook die oorsake van klimaatsverandering:

Uitwissing van woude:

Volgens die WWF se Living Planet Report word 44,8% van die verlies aan dierelewe veroorsaak deur die uitwissing van diere se habitat en natuurlike omgewings soos woude, asook oseaanbesoedeling (WWF 2014: 20). Die reënwoude van die Aarde is in wese die “longe” van ons planeet omdat dit op massiewe skaal koolstofdiksied inneem en suurstof vrystel. Daar word egter elke sekonde van elke dag een akker woud uitgewis (Cowspiracy 2014: ad loc.). Dit is 4 000 vierkante meter per sekonde! Dit beteken dat daar elke dag 100 insek- en plantspesies verlore gaan.

Onbeperkte en ongereguleerde jag:

37% van die verlies aan dierelewe word veroorsaak deur onbeperkte en ongereguleerde jag en vissery as gevolg van die stygende vraag daarna deur mense (WWF 2014: 20). Hierdie oorbenutting van diere- en visbronne is so ernstig dat sommige studies van reeksverbruik/reeksmoord (“serial consumption/killing”) praat (Cowspiracy 2014). Volgens die meeste studies is 75% van die wêreld se visbronne reeds uitgeput (VN-verslag uit Cowspiracy).

Aardverwarming:

7,1% van die verlies aan dierelewe word veroorsaak deur klimaatsverandering en aardverwarming as gevolg van die verbranding van fossielbrandstowwe (WWF 2014: 20).

Die grootste oorsaak

Al drie oorsake hierbo kan egter saamgevat word onder een oorhoofse oorsaak: oorbenutting deur die mens. En meer spesifiek: oorbenutting deur ryk mense wat aanhou om hulle ekonomiese mag in te span om onrealisties hoë eise aan die omgewing te stel. Dit sluit veral sakeondernemings in wat nie hulle kliënte wil verloor nie en wil aanhou om in hulle kliënte se behoeftes te voorsien.

Van al hierdie menslike aktiwiteite blyk die vleisboerdery die grootste uitdaging te wees (VN 2016: ad loc.; Cowspiracy 2014: ad loc.). Die VN-verslag het reeds in 2006 (ad loc.) gesê:

“The environmental costs per unit of livestock production must be cut by one half, just to avoid the level of damage worsening beyond its present level.”

By vleisproduksie word nie net bedoel die hoeveelheid diere wat gebruik word nie maar ook die prosesse wat gevolg word om die diere te teel en die voer te kweek en te verwerk, asook die groot fisiese spasie wat benodig word. Daar word beweer dat veeboerdery met die oog op vleisproduksie 45% van die fisiese oppervlak van die VSA beslaan (Cowspiracy 2014: ad loc.). Die gemiddelde persoon in Westerse wêreldomstandighede eet 900 gram vleis per dag, 'n hoeveelheid wat geheel en al onvolhoubaar is om te handhaaf (Molla 2014: ad loc.). In armer dele van die wêreld eet mense een keer per week of selfs nooit vleis nie. Dieetkundiges dui ook aan dat mense wat elke dag wil vleis eet, nie meer as 80 gram per dag nodig het nie (Weaver 2010: ad loc.). Vleisproduksie is ook verantwoordelik vir die grootste hoeveelheid waterverbruik en -oorbenutting.

In die VSA word 5% van alle waterverbruik vir huishoudelike doeleindes gebruik, terwyl 55% deur beesboerdery gebruik word (Cowspiracy 2014: ad loc.). Die VN-verslag van 2006 (ad loc.) beweer dat alhoewel veeboerdery vir slegs 9% van koolstofdiksied produksie verantwoordelik is, produseer dit terselfdertyd 'n veel groter hoeveelheid gasse wat baie giftiger is. Na raming is veeboerdery verantwoordelik vir 65% van die produksie van laggas (stikstofoksied of 'nitrous oxide'), wat 265 maal soveel aardverwarmingspotensiaal het as koolstofdiksied. Die meeste laggas word deur dieremis geproduseer. Ook skyn diereboerdery verantwoordelik te wees vir 37% van mensvervaardigde metaan (wat 23 maal soveel aardverwarmingspotensiaal as koolstofdiksied het) (VN 2006: ad loc.), asook 64% van ammoniak (wat 'n groot rol speel in die vorming van suurreën).

Dis egter belangrik om dit duidelik te stel: dit gaan nie hier oor die produksie van 'n redelike hoeveelheid vleis wat mense in matigheid kan gebruik nie. Dit gaan oor die aandrang van ryk mense om elke dag te wil vleis eet en wel soveel as 900 gram per dag. Dit geld ook vir ander verbruikersprodukte wat dikwels gekoop word. Dikwels word meer gekoop uit gemaksgedrag as werklike nood of basiese behoeftes.

Wat is nodig om verligting te kan bring?

De Witt gee die volgende drie breë riglyne vanuit 'n Christelike perspektief (2008: 27-28):

1. **Bewusmaking.** Aangesien die mens en die Skepping beide aan God behoort en die mens ook vir die Skepping verantwoordelik is, mag ons nie onbewus wees van wat in die Skepping gebeur nie. Ons moenie toelaat dat ons aandag afgetrek word nie. God het ons nie na Genesis 1-2 onthef van die verantwoordelikheid om vir alles te sorg nie. Onkunde is dus nie meer 'n verskoning nie. Wanneer iets jou verantwoordelikheid is, maak jy seker dat jy die nodige kennis het.
2. **Waardering.** Ons behoort die natuur te respekteer en waarde daaraan te heg. Dis maklik om 'n leeu te respekteer, maar ons moet dit ook doen vir die kleinste deeltjie van die Skepping. Soos byvoorbeeld 'n mier, omdat daardie spesifieke mierkolonie ook waarde het om die balans in die natuur te help behou. Dit gaan dus om doelbewuste nadenke oor en waardering van elke deeltjie van die natuur.
3. **Rentmeesterskap.** Rentmeesterskap neem ons ver verby bewusmaking en waardering na waardes en verantwoordelikhede, soos restourasie. Behalwe restourasie beteken rentmeesterskap sekerlik ook dienswerk in en aan die natuur. Laasgenoemde impliseer dinge soos om die Skepping lief te hê, te versorg en dit wat God aan ons toevertrou het, om dit vir Hom rein en reg te hou totdat Hy terugkom.



Wat kan die Kerk doen?

Hou op wegkyk en kyk die realiteit vierkantig in die oë (Klein 2014: 3).

Indien Jesus verklaar dat Hy die waarheid is, behoort nie net Hy nie, maar ook enige ander waarhede en realiteite ons doel te wees. Al hoe meer mense begin daarvan getuig dat hulle aanvanklik uiters skepties oor klimaatsverandering was en in permanente “climate change denial” geleef het, maar later nie meer die harde waarheid kon ignoreer nie. Naomi Klein (2014: 3-4) skryf: “I denied climate change for longer than I care to admit... We deny because we fear that letting in the full reality of this crisis will change everything. And we are right.” Hierdie krisis is groot, maar dit kán bekamp word indien genoeg mense oortuig kan word om saam te werk. Dis 'n geleentheid vir die Kerk om 'n geweldige verskil in hierdie wêreld en tyd te maak.

Ontdek weer die Skeppingsteologie van die Bybel en veral die Evangelie.

Hier is 'n paar gedagtes oor hierdie deel van die teologie: Eerstens is dit goed om te onthou dat Skeppingsteologie die mees fundamentele teologie in die Bybel is. Dis fundamenteel, want sonder God wat die sigbare wêreld geskep het, sou die ander teologiese kwessies wat vandag vir ons belangrik is (die Koninkryk, redding, geestelike vernuwing, dissipelskap, die Kerk, geestelike groei) nie eers bestaan het nie. Alles vloei uit God se Skeppingshandelinge en Sy versorging van alles wat lewe. Die ganse Skepping behoort aan God en daar is nêrens waar ons kan gaan en niks wat ons kan doen wat ons buite die sfeer van God se geskape materiële werklikheid kan plaasvind nie. Ons is Sy gaste hier, ons woon in Sy wêreld en is daarom onomwonde rentmeesters daarvan. God se heel eerste en mees fundamentele opdrag aan die mens is dan ook alles namens Hom te bewerk, te versorg en te bestuur (Genesis 1:26-28).

Hiermee saam beleef individue binne die Christelike beweging nog altyd van hulle mees inspirerende geestelike belewenisse in die natuur (Conradie 2006: 21). Die Skepping se doel is om God te openbaar (Psalm 19). Ons sal dus moet ophou om aan “groen” aktiwiteite te dink as iets wat nie-Christelik en volksvreemd (soos byvoorbeeld New Age of Oosterse gebruike) is soos wat baie Christene tans doen (Conradie 2006a: 12). Daar is goeie evangeliese teoloë wat ons op 'n paar belangrike beginsels uit die Bybel wys.

Tweedens is dit insiggewend dat die Here God plante, lewende diere en die mens almal uit die grond van die Aarde geskep het (Genesis 1:11-12, 24-25, 2:7,9). Dit was nie net die mens nie. Daar is dus 'n gemeenskaplikheid wat ons met die Aarde deel: ons is almal uit dieselfde stof gemaak (Bauckham 2011: 4-5). Alle lewende dinge is dus op 'n manier “familie” van mekaar, aldus die Nuwe Testamentikus Richard Bauckham (2011: 5, 223). Die opdrag wat die mens kry om oor die Skepping te heers, moet nooit ten koste van lewende wesens uitgevoer word nie en behels 'n skeppende en herderlike funksie van omgee en versorging van die natuur (Genesis 1:26, 28, 2:15).

Derdens maak Genesis 3:8-19 dit duidelik dat dit nie net die verhouding tussen God en mens was wat gebreek het nie, maar ook die verhoudings van die mens met sy medemens en die natuur. God se Koninkryk handel dus oor al drie hierdie verhoudings.

Vierdens is dit interessant om te sien dat God na die Sondvloed Sy verbond nie net met Noag gesluit het nie, maar eerder met “...julle en julle nageslag en met al die lewende wesens by julle: die voëls, die mak diere en die wilde diere by julle, naamlik met al die wilde diere wat uit die ark uitgekom het...” (Gen. 9:9-10). Die frase “met al die lewende wesens” word weer in vers 12, 15, 16 en 17 herhaal! God bemoei Hom regdeur die Bybel nie net met die mens nie, maar met die hele Skepping.

Kyk net na tekste soos Genesis 49:6-7, Eksodus 23: 4-5, 10-12, Deuteronomium 20:19, 22: 6-7, Levitikus 19:23-25, 25: 2-4, 26: 3-6, Numeri 22: 22-35, 35: 33-34, Job 5: 22-23, Psalm 8, 36: 6-7, 145: 9, Spreuke 12:10 en Jesaja 5: 8-10.

Vyfdens, in die profeetboeke, waar God afwagting skep vir die koms van die Messiaanse tydperk, word die toekomstige sjalom (vrede) dikwels in die taal van die natuur uitgebeeld (Jesaja 11:1-9). Trouens, in Hosea 2:17 sluit God 'n ooreenkom met die wilde diere.

Verder praat Paulus in Efesiërs 1:3-11 van alles wat Jesus gedoen het en dan verduidelik hy wat God se doel daarmee was: “Sy bedoeling was om alles wat in die Hemel en alles wat op die Aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.” Let op die “alles” in plaas van “almal.” Jesus kom die ganse Skepping herstel, nie net mense nie. Kolossense 1 gee vir ons dieselfde idee met vers 16, wat sê: “Alles is deur Hom en vir Hom geskep.” Nie net het Jesus alles geskep nie, hy het alles vir Homself geskep. God put genot uit die Skepping, die ganse Skepping. Jesus kom dus om die ganse Skepping te herstel, nie eers eendag na die dood nie, maar reeds hier en nou. Daar word bitter min gesê oor die lewe in die Koninkryk as 'n lewe na die dood. Jesus praat baie meer oor Sy Koninkryk as 'n lewe hiér en nou (alhoewel dit ook tog strek tot anderkant die dood).

Die Skepping behels nie net 'n paar versies in die Bybel nie, maar behoort deel van die ganse bril te wees waardeur mens die hele Bybel lees.

Ekologiese toerusting en opleiding as deel van die gemeente se dissipelskapprogram (Van Heerden 2012: ad loc.).

Buiten om gemeentes teologies toe te rus vir 'n "groener" lewe (Conradie 2006b: 126), kan die volgende ook gedoen word:

Eerstens, rus mense praktiese vlak toe: Mense kan byvoorbeeld ingelig word oor die verband tussen navolgingskap van Jesus en ons verbruikergewoontes (Conradie 2006b: 54-57). Dit kan belangrik wees om die hedonistiese en selfsugtige verbruikerswaardes in die samelewing te identifiseer en te begin bevraagteken. Alhoewel ons alles moet geniet waarmee God ons seën, is 'n suiwer hedonistiese lewenstyl is tog sekerlik nie Christelik nie (Conradie 2006b: 53-54). Waarom nie soms fietsry in plaas van motor ry nie? Daar is baie te sê ten gunste van die vermindering van byvoorbeeld uitlaatgasse en die effek daarvan op die osoonlaag (<http://www.nytimes.com/2015/12/14/business/climate-accord-draws-mixed-reaction-from-business-leaders.html>). Ek het byvoorbeeld 'n vriend wat elke dag vrywilliglik 6 kilometer ver werk toe ry op sy fiets vanweë sy bewustheid van hierdie belangrike kwessies. Om Jesus selfloos te volg mag dalk egter ook beteken om te leer om byvoorbeeld onselfsugtig te eet. Om onself te verloën, ons kruise op te neem en Jesus te volg, kan byvoorbeeld beteken dat ons die hoeveelheid vleis wat ons eet, verminder om sodoende 'n verlaging in die vraag na vleis te bewerk. In die Westerse wêreld is dit vandag dalk nie meer vir Christene nodig om in arenas teen wilde diere te veg vir ons geloof nie. Dalk lê ons lewe van opoffering (Romeine 12:1) egter daarin dat ons mekaar kan uitdaag om ons weeklikse vleisinname te verlaag met 'n bepaalde persentasie of in sommige gevalle selfs vegetarisme te oorweeg. Dalk kan ons medici en dieetkundiges vra om ons te help om alternatiewe bronne van proteïen te vind wat ons liggame steeds nodig het.

Mense kan ook bewus gemaak en aangemoedig word om hulle eie koolstofspoor op die Internet te bereken met die "Carbon Footprint Calculator" by <http://www.carbonfootprint.com/calculator.aspx>.

Daar is vandag 'n groot neiging in die rigting van 'n minimalistiese lewenstyl waarin verantwoordelike rykes begin besef dat hulle hierdie planeet met miljarde ander mense moet deel en dat almal 'n deel moet kry om te kan oorleef (Goleman 2009: 233). Wie anders as karaktervolle en selflose Jesus-volgelingen behoort hierdie voorbeeld te stel? Tans sien ons ongelukkig die omgekeerde: baie nie-Christene leer in ekologiese verband vir Christene hoe om onselfsugtig te leef.

"Groen" aanbidding, liturgie en prediking (Van Heerden 2012: ad. loc.).

Dit is ironies en vreemd dat, ten spyte van die sentraliteit hierdie waarheid in die Bybel, verantwoordelikheid teenoor die Skepping weinig aandag geniet in die Kerk se denke, dissipelskapprogramme, of selfs die kerklike jaar (DeWitt 2008: 1-25-27). Die Kerk het "seisoene" waarin daar gefokus word op Jesus en sy werk (Kersfees en Paastyd). Daar is ook 'n tyd wanneer ons op die Heilige Gees fokus (Pinkster), maar wanneer dink ons na oor die natuur as skeppingswerk van die Vader? G'n wonder dat die Kerk vandag laaste kom in die stryd om lewe op die Aarde te behou nie. Ons het ons eie teologie vergeet. Kyk gerus na webtuistes van gemeentes en liturgen wat al teologies hieroor gedink het, soos Season of Creation (<http://www.greenanglicans.org/wp-content/uploads/2013/08/Season-of-Creation-Two-low-res.pdf>), Web of Creation (<http://www.webofcreation.org/>), Eco-Congregation (<http://www.ecocongregation.org/>), of selfs Creation Time van die Wêreldraad van Kerke (<https://www.oikoumene.org/en/what-we-do/climate-change/time-for-creation>).

Ons leef tans in die Kerk in 'n aanbidingskultuur met aanbidingsleiers en orkeste ("bands"). Die liedere wat gesing word, het egter meestal te make met die mens se vertikale verhouding met God, terwyl die sangtradisies van die Jode en Christene – die Psalms – alle lewenstemas ingesluit het, ook die Skepping (Sien Psalm 8, 84, 104, 145, 147, 148, 150). Aanbidingsleiers moet weer begin om liedere te skryf wat oor die Skepping handel. Een Christen-groep met die naam van Gungor skryf byvoorbeeld aanbidingsliedere met name soos I am mountain (<https://www.youtube.com/watch?v=L4agJNu4odI>) en The Earth is Yours (<https://www.youtube.com/watch?v=r4EPnM62O8A>).

Kyk na die lirieke van The earth is yours:

*Your voice it thunders
The oaks start twisting
The forest sounds with cedars breaking
The waters see You and start their writhing
From the depths a song is rising
Now it's rising from the ground
Holy, holy, holy, holy Lord
The earth is Yours and singing
Holy, holy, holy, holy Lord
The earth is Yours
The earth is Yours
Your voice it thunders
The ground is shaking
The mighty mountains
Now are trembling
Creation sees You
And starts composing
The fields and trees
They start rejoicing
And now it's rising from the ground
Now it's rising from the ground
Hear us crying out
Hear us crying out
Holy, holy, holy, holy Lord
The earth is Yours and singing*

Aanbidingsleiers en musiekleiers kan gerus begin om liedere soos hierdie te skryf en te gebruik om God in die konteks van die Skepping te aanbid. Op hierdie manier kan ons die Here aanbid in die lig van al drie die verhoudings van God se koninkryk en nie net een nie.

Neem as gemeente saam deel aan "groen" aktiwiteite.

Gemeentes kan byvoorbeeld tuine in informele woongebiede aanlê ter ondersteuning van die werk wat die plaaslike leiers reeds in hierdie gebiede doen. 'n Gemeente kan ook hulle eie grootskaalse tuin plant en versorg en sodoende vars produkte aan hulle eie mense, asook mense in nood lewer.

Nog 'n voorbeeld is deelname aan inisiatiewe soos Earth Hour, waar die hele gemeente afsprek om saam met die res van die wêreld op 'n sekere datum en tyd vir 'n uur of twee alle elektrisiteit af te skakel om sodoende wêreldwyd krag te spaar. Earth Hour het in 2016 byvoorbeeld op Saterdag 19 Maart van 20:30-21:30 plaasgevind (<https://www.google.co.za/webhp?sourceid=chrome-instant&ion=1&espv=2&ie=UTF-8#q=earth+hour+2016>). Gemeentes kan ook hulle eie Earth Hour organiseer.

Ons kan ons mense bewus maak van nuwe materiaal wat kweekhuisgasse na skoon energie kan omskakel (http://www.businessinsider.com/promising-new-material-can-convert-carbon-dioxide-into-clean-energy-2016-1?amp%3Butm_medium=referral) of tegnologie wat jou kosafval in energie kan omskep (<http://www.fastcoexist.com/3045025/this-tech-can-turn-food-waste-into-graphene-power-and-fuel>) (<http://www.fastcoexist.com/3040124/this-tiny-vertical-garden-has-a-built-in-composter-so-you-can-feed-it-food-waste>).

Herwinning ("recycling") is iets waarvoor daar gerus meer gepraat kan word.

Ander aktiwiteite sluit in om as gemeente klere bymekaar te maak en aan welsyn te skenk, of om as 'n groep vrywilligers by 'n omgewingswelsynsorganisasie te help, of selfs om 'n vegetariese of veganistiese gemeente-ete of groen partytjie te reël. Gemeentes kan ook sangaande hou waar God gedank en aanbid word vir Sy Skepping wat as ons tuiste dien.

'n Anglikaanse professor in Nuwe Testament, NT Wright, sê dit mooi (2008: 1-79): *"Jesus is coming – plant a tree!"*



Groen bestuur van kerkgeboue en finansies (Van Heerden 2012: ad loc.).

“Groen bestuur” is vandag hoogmode in baie besighede. Doen navorsing oor wat hulle doen en hoe hulle hul strategieë aangepas het. Kyk of die gemeente stelselmatig kan begin om van die beginsels in hulle leierskap- en bestuurslewe te integreer.

Bill Gates het byvoorbeeld \$7 miljard in groen energie belê (http://www.nytimes.com/2015/11/28/us/politics/bill-gates-expected-to-create-billion-dollar-fund-for-clean-energy.html?_r=0). Hoe wonderlik sal dit nie wees as plaaslike gemeentes hulle lidmate begin aanmoedig om soortgelyke donasies te maak nie! Vooruitstrewende gemeentes kan byvoorbeeld self fondsinsamelings hou en die geld dan aan groen inisiatiewe skenk.

Deur op die Skepping te fokus, mag ons dalk weer die God agter die Skepping opnuut ontdek wat deur Jesus vir ons wink en ons uitnooi na 'n beter manier van leef! Dit is ons hoop.

Bronne

1. Bauckham R. 2011. Living with other creatures: Green exegesis and theology. Baylor University Press. Texas.
2. Bauckham R. 2014. Jesus and the wild. Gevind by <https://www.youtube.com/watch?v=V3h1W3DO8vA>
3. Conradie E. 2006a. Christianity and ecological theology: Resources for further research. Sun Press. Stellenbosch.
4. Conradie E. 2006b. Waar op aarde vind mens God? – Opsoek na 'n aardse spiritualiteit. Lux Verbi. Wellington.
5. Conserve energy future. Is global warming real? Gevind by <http://www.conserve-energy-future.com/is-global-warming-real.php>
6. Cowspiracy: The sustainability secret. 2014. Dokumentêre rolprent. Regisseurs: Kip Anderson & Keegan Kuhn.
7. Department of Environmental Affairs – South Africa. 2000-2010. Green House Gas National Inventory Report. Gevind by https://www.environment.gov.za/sites/default/files/docs/greenhousegas_inventoriesouthafrica.pdf
8. De Witt C B. 2008. Reading the Bible through a green lens. Gevind in NRSV The Green Bible: A priceless message that does not cost the earth. HarperCollins. London.
9. Friend A D et al. 2014. Carbon residence time dominates uncertainty in terrestrial vegetation responses to future climate and atmospheric CO₂. Proceedings of the National Academy of Science 111 (2014): 3280.
10. Goleman D. 2009. Ecological Intelligence: Knowing the hidden impacts of what we buy. Penguin Books. London.
11. Grobler F. 2009. SA's green house emissions very high says WWF. Gevind by <http://mg.co.za/article/2009-07-01-sas-greenhouse-emissions-very-high-says-wwf>
12. Klein N. 2014. This changes everything. Penguin Books. United Kingdom.
13. Molla R. 2014. Wall Street Journal: How much meat do Americans eat? Then and now. Gevind by <http://blogs.wsj.com/numbers/how-much-meat-do-americans-eat-then-and-now-1792/>
14. Monckton C. 2009. Global warming is not happening. Gevind by <http://ruby.fgcu.edu/courses/twimberley/EnviroPol/EnviroPhilo/GlobalWarmNotHappen.pdf>
15. NASA Observatory. 2010. Fact Sheet: Global warming. Gevind by <http://earthobservatory.nasa.gov/Features/WorldOfChange/decadaltemp.php>
16. SAWS (South African Weather Service). What is the Green House Effect? Gevind by <http://www.weathersa.co.za/learning/climate-questions/45-what-is-the-greenhouse-effect>
17. United Nations. 2016. United Nations World Oceans Assessment: Regular process for global reporting and assessment of the state of the marine environment including socioeconomic aspects. Gevind by <http://www.worldoceanassessment.org/>
18. United Nations News Centre. 2006. Rearing cattle produces more greenhouse gases than driving cars. Gevind by <http://www.un.org/apps/news/story.asp?newsID=20772#.V4JGefl97IU>
19. Than K. 2007. Sun blamed for warming Earth and other worlds. Gevind by <http://www.livescience.com/1349-sun-blamed-warming-earth-worlds.html>
20. Van Heerden, W. 2012. Om 'n groen impak te maak – Seisoen van die Aarde. Ongepubliseerde werksdokument vir werkswinkel gehou op 9 Junie 2012 te Loskopdam.
21. Wagner CG. Iceless Arctic Summers By 2040? Arctic Warming May Enable More Travel, But At What Price? Gevind by <http://www.cncpvc.com/iceless-arctic-summers-by-2040-arctic-warming-may-enable-more.pdf>
22. Weaver C. 2010. How much meat should we eat? Gevind by <http://www.bodyandsoul.com.au/nutrition/nutrition-tips/how-much-meat-should-we-eat/news-story/657f0ab70615fe5f4bf763e80740bd00>
23. What's your impact? Main sources of carbon dioxide emissions. Gevind by <http://whatsyourimpact.org/greenhouse-gases/carbon-dioxide-emissions>
24. Wolchover N. 2011. When will the Earth run out of food? Gevind by <http://www.livescience.com/33311-food-prices-global-hunger-skyrocket-2030-oxfam-warns.html>
25. World Bank, The. 2012. Climate change report warns of dramatically warmer world this century. World bank press release, November 18. Gevind by <http://www.worldbank.org/en/news/feature/2012/11/18/Climate-change-report-warns-dramatically-warmer-world-this-century>
26. Worldometers. 2016. Current World Population. Gevind by <http://www.worldometers.info/world-population/>
27. Wright, N T. 2008. Jesus is coming – plant a tree. Gevind in NRSV The Green Bible: A priceless message that does not cost the earth. HarperCollins. London.



Ekerk Navorsing wil leiers en organisasies help om versigtig te luister, vinnig te leer en voluit te leef.

Navorsing | Elke verslag bestaan uit verskeie komponente, wat alles hieronder afgelaai kan word. Die inhoud is beskikbaar om vryelik gebruik te word in bedienings en opleiding. Die materiaal word onder 'n Creative Commons lisensie gepubliseer, wat beteken dat dit nie verander of vir kommersiële gewin aangewend mag word nie.

Tendense | Iets wat die wêreld aan die gons het, en wat ons kan help om 'n groter impak op die koninkryk van God te kan maak. Jy kan hierdie verslae gratis aflaai, en dit gebruik net waar en hoe jy wil. Maak ook seker om aan ons nuutste opname deel te neem, of om ekerk sprekers te nooi om van ons navorsing te kom aanbied in seminaar vorm.

Kopiereg 2015 Ekerk Vereniging.

Alle regte voorbehou.

info@ekerk.org
www.ekerk.org

facebook.com/ekerk
twitter.com/ekerk